CURRO
Langebaan

Weeklikse Nuusbrief

19 Oktober 2016

INSPIRERENDE GEDAGTE UIT DIE KANTOOR

Ek het ongelooflike Facebook vriende. Om die waarheid te sê, dit is die maklikste plek om van klakousvriende ontslae te raak … '*profile, friends, search, select, block'*. Die wat ek het, is lief vir die lewe, geniet elke oomblik, plek en mens wat God oor hul pad stuur. Hulle neem foto's hoe hulle hul liefmense geniet. Ek ervaar hul *posts* van inspirerende gedagtes asof van God gestuur, op die regte oomblik met die perfekte woorde. En al weet ek hulle ervaar ook soms swaarkry, spanning en hartseer, geniet ek die positiewe en inspirerende beeld wat hulle graag vir die wêreld daarbuite skep.

Ek grawe oor die naweek tussen albums en groot koeverte vol ou foto's. Reken ek wou net weer bietjie vastrapplek in 'n woelige tyd kry. Op 'n manier sorteer die albums en koeverte die foto's in 'n soort van Facebook-profiel van my ouers, my weermagdae, my vrou se hoërskooljare en my onbevange studentejare. Na soveel jare vorm ek weer prentjies in my kop van my gelukkige mensword-dae, my *legend*-ouers, my verliefwees-tyd en baie ander onvergeetlike oomblikke. Die beelde op die foto's maak iets in my los … ek ervaar weer die opgewondenheid, kry die kenmerkende reuk van my weermaguniform, hoor die gebrom van 'n spuitkar in 'n appelboord tydens die lente, voel die koue by 'n waterval van my grootworddorp se waterbron.

Ons kinders word oorweldig deur groot hoeveelhede digitale beelde. Ek twyfel of daar genoeg digitale albums en koeverte gaan bestaan om alles in te bêre. Ek wonder of hulle gaan kans sien om eendag tussen dit te gaan snuffel. Daar gaan net te veel wees. Dit laat ons as ouers en volwassenes met weinig keuse oor hoe om vir hulle 'n vashouplek te gee. Ons móét net hul ervaring van ons, so veel as moontlik laat afvryf. En dit het saamweestyd nodig, so veel as moontlik … kwantiteittyd en nie net kwaliteittyd nie. Laat die beeld nie uit fokus wees nie, nie 'n vinnige verbygaan, half-in-die-hoekie foto nie, maar 'n helder beeld van dit wat jy wil afvryf.

'Images might fade, even disappear, over time. Experiences will increase in brightness and value, as they are relived again and again.' (Sara Tennyson)

BELANGRIKE DATUMS

Do 20 Okt	Graad 3 Markdag
	Interhuis Hoërskool Skaak
	Laerskool Tennis Piketberg (weg)
Vr 21 Okt	Skool sluit 13:00 Busse vertrek om 13:15
	o/18 Kriekettoer
Di 25 Okt	Graad 1 tot 3 Redenaars
Wo 26 Okt	Hoërskool Tennis Hopefield (weg)
	Hoërskool Hugenote Atletiekbyeenkoms
Do 27 Okt	Laerskool Tennis Riebeeck Kasteel (tuis)
	Interhuis Hoërskool Ses-aan-'n-kant krieket
Vr 28 Okt	Graad 7-entrepreneursdag
Wo 2 Nov	Hoërskool Tennis Vredenburg (weg)

SOMERDRAG

Ons herinner u graag daaraan dat die skool se somerdrag vanaf hierdie kwartaal gedra word. Sorg asseblief dat u kinders elke oggend soos trotse Curro Langies vir skool aangetrek is.

VRYDAG 21 OKTOBER

Die laer- en hoërskool **verdaag op Vrydag 21 Oktober om 13:00**. Die busse vertrek om 13:15.

SWEMAFRIGTER

Weens operasionele herstrukturering in die nabye toekoms, het die paaie van Curro Langebaan en Wayne Slack as afrigter van Curro Langebaan Swemklub geskei. Wayne het 'n vrywillige ooreenkoms met Curro Langebaan gesluit om sy diens as werknemer van die skool te beëindig en het die keuse uitgeoefen om dit onmiddellik te doen. Sy laaste dag was Vrydag 14 Oktober 2016.

Interim maatreëls word tans as prioriteit hanteer en swemklublede sal binnekort kommunikasie hieroor ontvang. Alle swemtye sal soos normaal voortgaan.

Dirkie Victor
UITVOERENDE HOOF: Curro Langebaan
dirkie.v@curro.co.za

INLIGTING VANUIT DIE FINANSIËLE KANTOOR

Hiermee stel ons u graag in kennis dat kaartfasiliteite by die skool beskikbaar is. U is welkom om die skoolfonds per kaart te kom betaal.

KLEREWINKELWERKSURE

Let op die klerewinkel se ure:

Maandag – Donderdag: 07:30 – 09:00
en pouse: 13:00 – 14:30
Vrydae: Toe

Slegs sokkies, dasse en gordels word verkoop en is slegs met kredietkaart of debietkaart betaalbaar.

Daar is nog net twee weke oor vir donasies of borge vir die jaarblad. Kontak Me. Horn by Helmine.h@curro.co.za

AKADEMIE

TOPSTUDENT PER GRAAD: 3DE KWARTAAL
GRAAD 8

1	Schulze	Anja	93.9
2	Naudé	Carla	93.4
3	Viljoen	Rebecca	89.3
4	Olwagen	Anushka	87.1
5	Visser	Jo-Handrie	85.9

GRAAD 9

1	Swanepoel	Carmen	92.1
2	Skinner	Joanni	89.3
3	Du Plessis	Jean Prieur	86.2
4	Rheeder	Christelle	85.2
5	Kemm	Jenna	85.1

TOPSTUDENT PER GRAAD: 3DE KWARTAAL
GRAAD 10

1. Anneen Uys 87.3%
2. Kyle Meintjes 84.4%
3. Bianca Lochner 82.7%
4. Nina Wiese 82.3%
5. Grace Dewrance 80.6%

GRAAD 11

1. Henko van Wyk 89.7%
2. Charl-Henri Schoeman 89.6%
3. Megan Frost 85.3%
4. Elmarie van Rooyen 84%
5. Aisling Kenny 81.7%

GRAAD 12

1. Anika Keuck 84.1%
2. Seléne Visser 83.9%
3. Nikita Meintjes 80.7%
4. Bradley Fourie 80.1%
5. Soné Nell 78.9%

TENNIS

Baie geluk aan JP du Plessis wat in die Wes-Boland Tennisspan vir seuns o/17 opgeneem is. Hy neem Vrydag en Saterdag 28/29 Oktober aan die toernooi in Worcester deel.

KRIEKET

Krieket o/11 Curro Langebaan vs Hoërskool Hopefield 12 Oktober 2016

Hoërskool Hopefield	**54 vir 3 (20 beurte)**
Daniël Meintjes	2 paaltjies vir 9 lopies (4)
Jano Reynolds	1 paaltjie vir 2 lopies (2)
Marco Storm	0 paaltjies vir 3 lopies (3)

Curro Langebaan	**55 vir 3 (15.1 beurte)**
Daniël Meintjes	12* lopies (17 balle)
Zander Koch	7 lopies (31 balle)
Marco Storm	6 lopies (39 balle)

Curro Langebaan wen met 7 paaltjies.
Speler van die wedstryd: Daniël Meintjes

Krieket o/13 Curro Langebaan vs Hoërskool Hopefield 12 Oktober 2016

Hoërskool Hopefield	**32 vir 9 (20 beurte)**
Lesly Harmse	3 paaltjies vir 3 lopies (4)
Jami Ebersöhn	2 paaltjies vir 5 lopies (4)
Keanu Coetsee	2 paaltjies vir 6 lopies (4)

Curro Langebaan	**33 vir 0 (6 beurte)**
Lesly Harmse	11* lopies (19 balle)
Jami Ebersöhn	11* lopies (19 balle)

Curro Langebaan wen met 10 paaltjies.
Speler van die wedstryd: Lesly Harmse

TROMPOPPIES

Ons trompoppies het met hul optrede vanjaar baie komplimente gekry. Die dogters wat deel was hiervan het dit ook baie geniet.

Aanstaande jaar is ‘n besondere jaar vir Curro Langebaan omrede ons 10 jaar oud word. Die trompoppies tree reeds op 17 Januarie 2017 met ons verjaarsdag en verskeie kere daarna op.

As jou dogter belangstel om deel te raak van die trompoppies van 2017, moet sy op 28 Oktober 2016 net na skool langs die saal wees vir oudisies.

Vir enige navrae skakel Mercia Zaayman op 084 659 5275 of e-pos merciaz@mweb.co.za

FILMSTUDIE

Een van ons oudleerders, Chelsea Sherwood-Poultney, het onlangs aangebied om ‘n filmwerkswinkel vir ons leerders aan te bied. Sy en haar span het Saterdagmiddag die rolle van elke lid in ‘n filmspan met ons bespreek, sowel as ‘n kort filmspel met die leerders geskiet. Dit was ‘n baie opwindende ervaring en baie van die kinders oorweeg aan ‘n moontlike loopbaan in die filmwêreld.

WETENSKAP

Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes
Meer as 2 000 leerders het vanjaar ingeskryf vir die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes. Van hierdie 2 000 projekte is 580 gekies om aan die internasionale Wetenskap Ekspo deel te neem wat op 4 – 7 Oktober 2016 by die Birchwood Konferensiesentrum in Boksburg plaasgevind het.
Uitslae van deelnemers van ons skool:
Henko van Wyk - Projek: “Rommel Trommel”. Sy projek het spesiale vermelding ontvang.
Megan Frost – Projek: Amped Up! Megan het ‘n silwer medalje ontvang. Sy is ook aangewys as die wenner in die kategorie: Ingenieurswese, elektronies en elektries. Baie geluk aan Henko en Megan!

GEDIG

Steps

I don't remember taking my first steps
What I do remember is trying to follow my dad’s footprints in the sand
When my feet were a quarter of the size
I remember the first step I took after his and thinking wow.... he's tall.
Then giving up after the fifth jump
I used to wish I could fill his footprints
Wear his shoes, do his job
That was ten years ago
I recently tried again and I filled the print but I realised that it still didn't fit
That I have my own footprints to fill
My own path to walk
My own road to stride down
My own job to do
I wouldn't know this without him
My dad taught me a lesson he didn't know he was teaching
He taught me to be me

Dean Koopman (Graad 11)

CURRO
Langebaan

MANDJIEDANS

11 November – R50 pp
19:00 - 23:30

- Pak ‘n piekniekmandjie en kom dans heerlik by die Grondslagfase se Mandjiedans.
- Nooi ‘n klomp vriende en maak ‘n tafel vol.
- Toesig is vir die kinders (5 – 13 jaar) by die nasorgfasiliteit teen R20 per kind beskikbaar.
- Pak ook vir hulle ‘n heerlike piekniekmandjie in.
- Kaartjies kan by die laerskoolsekretaresse gekoop word.

PINK TREES for pauline

“WRAPPED IN COLOUR, UNITED IN HOPE”

Die doel van ‘Pink Trees for Pauline’, in samewerking met CANSA, is om fondse in te samel om persone wat deur kanker geraak word by te staan en te help met hul kankerbehandeling. Die projek is op so ‘n manier ontwikkel dat dit volhoubaar sal wees in soveel dorpe en gemeenskappe as moontlik.

Die fondse wat ingesamel word, word gebruik om kankerpasiënte en hul families te ondersteun deur te help met toegang tot behandeling, voedselpakkies, prosthesis, speelgoed vir kinders met kanker, vervoer en vele meer.

Lede van die openbare, asook besighede, word genooi om pienk materiaal te koop. Dit word dan om bome langs die strate en in publieke areas gedraai. Dit skep ‘n asemrowende effek. Dit verhoog kankerbewustheid en terselfdertyd word fondse ingesamel om sodoende die lewensomstandighede van mense wat aan hierdie lewensbedreigende siekte ly, te verbeter.

Ons, as Curro Langies, wil graag by die projek betrokke raak. Materiaal kan teen R20.00 per meter gekoop word. Ouers of besighede wat wil bydra tot die projek, word aangemoedig om hul donasies teen Vrydag skool toe te stuur. Geld kan by registeronderwysers inbetaal word.